Hoofstuk 27

Jacobus Wessel Beneke (c6)

(1808 - ?)

Sterf- en huweliksdatums

Oriëntasie

Jacobus[1] Beneke is gebore in 1808 en is oorlede in 1863 in die ouderdom van 55 jaar. Hy was 'n handelaar en karweier.

Toe Jacobus 25 jaar oud was, trou hy met Susanna[2] Raats. Sy is omstreeks 1808 gebore en sterf in datum toe sy xx jaar oud was.

Genealogiese gegewens

a **BENEKE, JACOBUS WESSEL**: *8.4.1808[3]; ≈Tulbagh 27.9.1808[4]; †Plek Datum.

xPlek 6.10.1833[5]: **RAATS, SUSANNA HENDRINA[6]**: *Plek 28.1.1808[7]; ≈Stellenbosch 5.12.1809[8]; †Plek, Datum.
Dogter van Jasper Raats en Magdalena Johanna le Roux[9].
SAG 1 bl. 187

Jeug

Kon nie Jacobus se doop te Tulbagh op die internet kry nie. Aangeteken by argiefsoeke

Daar is in die Suid-Afrikaanse Geslagsregisters Deel 1 'n huwelik op 19.11.1833 te Caledon met Barbara Magdalena Kunz vir Jacobus aangetoon. Dit is egter 'n fout soos aangetoon in die eindnota aangebring na Susanna Raats se naam in die genealogiese gegewens hierbo.

Jacobus trou dan op 6 Oktober 1833 met Susanna Hendrina Raats wat die tweede van die dertien kinders van Jasper Raats en Magdalena Johanna le Roux was.[10] Plek van troue. Duur van huwelik. ens

Susanna is 'n vierde geslag Raats. Die stamvader Jasper Raats was van Utrecht, en in 1707 'n skoenmaker aan die Kaap. Hy trou in 1709 met Wilhelmina Vermeulen. Na haar dood trou hy in 1714 met Susanna Terrier. In 1718 trou hy met Magdalena Bastiaanse wat die ouma van Susanna was.



Doopinskrywing van Susanna Raats in die doopboek van die kerk te Stellenbosch: 1809
Susanna Hendrina geb: 28 Nov 1808 ged(oop) 5de/ Rivier Sonder end
Vad(er): Jasper Raats Moed(er): Magdalena Johanna le Roux
Gett(getuies): ….. Sommige gedeeltes omleesbaar.

Woonplekke

In 1832 doen Jacobus aansoek om ’n erf in Worcester. Hy was toe nagenoeg 24 jaar oud. Tussen 1835 en 1843 is vyf van Jacobus en Susanna se kinders gedoop te Caledon.

Daar is reeds in die vorige hoofstuk aangedui dat Worcester ’n eie gemeente gehad het. Die Distrik Caledon en die kerk aldaar[12] is gestig in 1811 in die area wat bekendgestaan het as die Overberg. Binne Caledon distrik is Villiersdorp in 1843 gestig op die plaas Radyn van Pieter Hendrik de Villiers.[13] Soos hieronder aangedui is Jacobus teen 1858-63 aangedui as komende van Villiersdorp.

Daar is nie duidelike aanduidings oor waar die gesin geleef het nie, maar dit wil voorkom asof Jacobus van Worcester na Villierdorp beweeg het en daar geleef het.

’n Aantal distrikte van die Kaapkolonie: 1850[11]



Eiendom

Op 27 Mei 1832, toe Jacobus ongeveer 24 jaar oud was, doen hy in ’n memorie aan die Goewerneur van die Kaap aansoek om 'n erf 6 in Blok O in Worcester met die doel om daar 'n huis op te rig. Daar word deur die regering aangedui dat die erf per openbare veiling verkoop sal word en dit is nie bekend wat daarna gebeur het nie.[14]

Op 8 Januarie 1846 word ’n hofbevel gemaak dat Jacobus, wonende op of naby De Villiersdorp in die distrik Stellenbosch, sonder versuim aan Pieter Hendrik de Villiers die bedrag wat hy verskuldig is vir ‘n verband van 8.1.1846 moet betaal.[15]

Daar het in 1858 ’n proses ten opsigte van Jacobus begin en op 4 April 1863 word daar ’n Likwidasie en Distribusierekening van sy insolvente boedel onderteken. Daar word aangedui dat hy van Villiersdorp en ’n handelaar en karweier is. In die dokumente word aangedui dat hy twee erwe van ’n halwe morg elk in Villiersdorp besit, wat saam verpand is teen £175. Hy het ook 11 morg grond gekoop maar skuld nog £100

daarop. Hy het heelwat skulde gehad, soos bv. ten opsigte van die skuldbewys hieronder, en sy skulde het sy bates oorskry.[16] 'n Vendusie is gehou van sommige van die roerende goed en dit het bestaan uit 'n bed, 8 borde, 2 ketels, 2 potte, 2 stoele, 'n katel, 'n balie buikplanke en 1 lot yster.



" Den 1st Maart 1862
Villiers Dorp
Ses maande na dese datum beloof beneden getekeni te betalen aan den Heer James R Brett oft Zyn ?? den somma van Ses en twintig Ponden Viertien Sielings en agt Pense voor waarde genoten. J W Beneckie".[17]

Kerk en gemeenskap

Uit die doopregister van die NGKerk Caledon word afgelei dat hulle lidmate van dié kerk was.

Huwelik en gesin

Daar kon nog nie met sekerheid vasgestel word wie al Jacobus en Susanna se kinders was nie. Die name van die ses kinders wat hieronder genoem word, is uit die doopregisters van Caledon[18] en 'n sterfkennisgewing verkry.

- Wilhelm
- Magdalena Johanna (Petronella)[19]
- Susanna Elizabeth
- Johannes Jacobus
- Pieter Daniel
- Jacobus Wessel Pieter.

Laaste lewensjare

Sterfdatums



[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[3] SAG 1. Bl. 218.
[4] SAG 1. Bl. 218.
[5] SAG 1. Bl. 218.
[6] SAG 1. Bl. 218. 'n Huwelik op 19.11.1833 te Caledon met Barbara Magdalena Kunz word aangetoon. SAG 4, bl. 518 dui aan dat Barbara Magdalena Kunz (≈Swellendam 3.8.1813; †Volksrust 5.11.1887) getroud is op 19.11.1833 met Jacobus Wessel Beukes. Daar kom nie so 'n Beukes voor in SAG 1, ble. 253 – 257. Op die webwerf www.geni.com/ word aangedui dat Barbara Magdalene Kunsz (b3c2) *20.7.1813 te Swellendam en †Wakkerstroom 15.11.1887 getroud is met Gerhardus Johannes Beukes, b9c6d3, waarvoor daar nie 'n huwelik in SAG 1 verstrek is nie. Soos elders aanegtoon word, word die moeder van Jacobus Wessel se kinders deurgaans in die kerkregisters aangedui as Susanna Hendrina Raats. Die aanduiding van 'n huwelik met Kunsz word gevolglik as foutief aanvaar.
[7] SAG 9. Bl. 19.
[8] SAG 9. Bl. 19.
[9] SAG 9. Bl. 19.
[10] SAG 9. Bl. 19.
[11] Le Roux, J. G., Niemandt J.J., Olivier, Mariana. 2008. *Bewaarders van ons Erfenis. Worcester*. (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.)
[12] Lombard, R. T. J. 1977. *Handleiding vir Genealogiese Navorsing in Suid-Afrika*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Publikasie Nr. 6. ISBN 0 86965 389 X. Bl.126.
[13] Le Roux, J. G., Niemandt J.J., Olivier, Mariana. 2008. *Bewaarders van ons Erfenis. Caledon*. (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.). Bl. 1.
[14] KAB CO 3955. Verw. 120.
[15] KAB CSC 2/2/105. Verw. 16
[16] KAB MOIB 2/976. Verw. 95.
[17] KAB MOIC 2/976. Verw. 779.
[18] Genealogiese Instituut van Suid-Afrika se kopieë van die doopregisters.
[19] KAB MOOC 6/9/370. Verw. 3050. Vermeende kind. Op die sterfkennisgewing word die ouers as Jacobus Wessel Beneke en Susanna Raats aangedui. Hierdie vermeende kind is opgespoor via haar sterfkennisgewing en is nie opgemerk tydens die nagaan van die doopregisters van Caledon waartydens die ander kinders aangeteken is nie. Volgens die sterfdatum en aangeduide ouderdom is sy gebore in November 1837, wat nie moontlik is as in ag geneem word dat Susanna Elizabeth op 11 Junie 1837 gebore is nie. Daar is egter in die Doopregister van Caledon voor die aantekening van die doop van Susanna Elizabeth 'n bladsy wat so dof was dat dit nie gelees kon word nie en dit is moontlik dat die ouderdom verkeerd bereken en aangeteken is op die sterfkennisgewing. Daar word dus ruimte vir haar as moontlike tweede kind geskep.

©R. J. du Preez